| | |
|---|---|
| Rapporteerbaar: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Regters: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Landdroste: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Streeklanddroste: | Ja / Nee |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Afdeling)

Saak No: 45 /2004
Saak Aangehoor: 27/10/2008
Datum gelewer: 07/11/2008

**In die saak tussen:**

Sam Lottering — Appellant

en

Die Staat — Respondent

**Coram: Bosielo WnRP et Olivier R et Steyn WnR**

## UITSPRAAK

**Olivier R:**

1. Die appellant het in die Streekhof tereggestaan op 'n aanklag van verkragting ten aansien waarvan die voorgeskrewe vonnis ingevolge die bepalings van artikel 51(1) (gelees met Deel I van Bylae 2) van die Strafregwysigingswet, 105 van 1997, lewenslange gevangenisstraf was.

2. Die appellant het op die aanklag skuldig gepleit en, nadat hy ooreenkomstig sy skriftelike pleitverduideliking skuldig bevind is, is die saak na die Hooggeregshof verwys vir die doeleindes van

vonnis. Majiedt R het toe bevind dat daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan het wat die oplegging van 'n mindere vonnis as die voorgeskrewe vonnis regverdig het en het die appellant 15 jaar gevangenisstraf opgelê, waarvan 3 jaar samelopend uitgedien moet word met 'n vonnis van 6 jaar gevangenisstraf wat die appellant toe reeds besig was om uit te dien op 'n skuldigbevinding aan poging tot moord.

3. Die appellant kom nou met die verlof van die verhoorhof in hoër beroep teen die vonnis. Die gronde wat in hierdie verband namens die appellant aangevoer word, is:

3.1.dat die verhoorhof onvoldoende oorweging verleen het aan die kumulatiewe effek van die vonnis wat die appellant besig was om uit te dien en die opgelegde vonnis;

3.2.dat die erns van die misdryf oorbeklemtoon is ten koste van die appellant se persoonlike omstandighede; en

3.3.dat die vonnis skokkend onvanpas is.

4. Die misdaad wat die appellant gepleeg het was inderdaad uiters ernstig. Hy, sy mede-beskuldigde en nog twee ander mans het die betrokke aand toevallig by die klaagster verbygeloop terwyl sy besig was om huis toe te stap. Daar is toe sommer eenvoudig op die ingewing van die oomblik besluit om haar te verkrag. Sy het vergeefs probeer weghardloop toe die appellant haar gejaag het, maar het geval. Die appellant het haar toe teruggedwing en sy is uiteindelik 'n ent daarvandaan deur al vier die mans verkrag.

5. Die klaagster was ten tye van die voorval sterk onder die invloed van drank. Sy was dus 'n weerlose slagoffer.

6. Net hoe vreesbevange sy moes gewees het, blyk uit die feit dat sy, nog voordat sy verkrag is, die mans gesmeek het om haar nie seer te maak nie. Dit blyk dan ook uit die getuienis dat die klaagster blywende psigiese letsels oorgehou het van die voorval.

7. Die verhoorregter het sodanige versagtende aspekte as wat daar was ten aansien van dié barbaarse aanval wel in ag geneem. So is daar byvoorbeeld in ag geneem dat die aanval onbepland plaasgevind het, maar die nonchalante wyse waarop daar sommer spontaan besluit is om dié wrede verkragting te pleeg, het beslis ook 'n verswarende perspektief.

8. Daar is ook in die guns van die appellant en sy mede-beskuldigde in ag geneem dat die klaagster geen ernstige beserings opgedoen het nie. Inteendeel, afgesien van wat die geneesheer beskryf het as "*minimale tekens van genitale beserings*" het die klaagster geen fisiese beserings hoegenaamd tydens die voorval opgedoen nie.

9. Na my oordeel was die appellant ietwat gelukkig dat daar in sy guns aanvaar is dat die feit dat hy skuldig gepleit het, aanduidend was van berou aan sy kant. Sy pleitverduideliking bevat geen verklaring van berou nie. Die naaste wat hieraan gekom is, is die opmerking van die proefbeampte, in 'n verslag, dat die appellant "*insig toon in die gevolge van sy huidige oortreding*". Die gevolge waarin die appellant aldus insig getoon het, kon net soseer maar die feit gewees het dat hy gestraf gaan word vir sy daad, en kan nie vertolk word as ondubbelsinnige

getuienis van opregte berou nie. 'n Blote pleit van skuldig, sondermeer, is nie noodwendig 'n aanduiding van opregte berou nie (sien **S v M** 2007 (2) SACR 60 (W) para [76], **S v Martin** 1996 (2) SACR 378 (W) op 383 en **S v Stanley** 1996 (2) SACR 570 (A) op 576-577).

10. Die appellant se jeugdigheid ten tye van die pleging van die misdaad is behoorlik deur die verhoorregter oorweeg en in sy guns in ag geneem. Die feit dat hy ten tye van die pleging van die misdaad 'n jeugdige was, terwyl hy ten tye van die verhoor en sy vonnis reeds 20 jaar oud was, het nie beteken dat die verhoorregter die appellant bloot moes vonnis asof hy steeds 17 jaar oud was nie (sien **S v Theron** 1986 (1) SA 884 (A)).

11. Na my oordeel word die appellant se jeugdigheid ten tye van die pleging van die misdaad egter totaal oorskadu deur die feit dat hy as een van 'n groep aanvallers die misdaad gepleeg het (sien **S v Masemola**, 'n ongerapporteerde uitspraak op appèl in hierdie Afdeling op 27 Maart 1998 in saaknommer CA&R 37/98, bl 10) en deur die erns van die misdaad (sien **S v Senatsi and Another** 2006 (2) SACR 291 (SCA)).

12. Die appellant was voorts na my oordeel gelukkig dat die verhoorregter bereid was om sy veroordeling aan poging tot moord weg te dink en hom as 'n eerste oortreder te beskou. Alhoewel sy skuldigbevinding aan poging tot moord blykbaar geskied het ná pleging van die onderhawige misdryf, sou die verhoorregter geregtig gewees het om daarop te let as 'n verswarende faktor (sien **R v Zonele and Others** 1959 (3) SA 319 (A) en **S v Ngidi and Others** 1991 (1) SACR 589 (A) op 596 D).

13. Ek is voorts van oordeel dat daar behoorlik gelet is op die appellant se persoonlike omstandighede. Dit blyk uit die volledige wyse waarmee daarmee gehandel is in die uitspraak, en uit die feit dat die verhoorhof beskik het oor 'n gedetaileerde proefbeampteverslag. Ek kan ook geen aanduiding in die vonnis vind daarvan dat die appellant se persoonlike omstandighede onderbeklemtoon is nie.

14. Die verhoorregter het wel deeglik gelet op die kumulatiewe effek van die twee vonnisse en daar bestaan na my mening geen basis waarop bevind sou kon word dat die verhoorregter sy diskresie in hierdie verband nie behoorlik uitgeoefen het nie. Die feit dat 3 jaar van die appellant se vonnis samelopend met 'n bestaande vonnis uitgedien gaan word, sal in effek beteken dat hy slegs 12 jaar gevangenisstraf uitdien op hierdie uiters ernstige aanklag.

15. Na my oordeel is daar geen mistasting begaan in die oorweging van die vonnis nie en kan daar nie met die vonnis ingemeng word op die basis dat dit skokkend onvanpas is nie.

16. Bygevolg word die volgende bevel hierin gemaak:

**Die appèl misluk en die vonnis word bekragtig.**

______________________________

**C J OLIVIER**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

Ek stem saam:

**L O BOSIELO**
**WAARNEMENDE REGTER-PRESIDENT**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

Ek stem saam:

**E J S STEYN**
**WAARNEMENDE REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

| | |
|---|---|
| Nms Applikant: | Adv P J Cloete<br>Regshulpsentrum, KIMBERLEY |
| Nms Respondente: | Adv L van Dyk<br>Direkteur van Openbare Vervolgings, KIMBERLEY |